

Sondag 18 Julie

Skrifgedeelte: Miga 6:1-8

Fokusgedeelte: Miga 6:6

Die hofsaak van die vrygespreekte skuldiges

Miga 6 is die begin van die hofsaak tussen God en Israel, die Noordelike Ryk. God kla Israel aan weens hulle afvalligheid en afgodsdienste (Miga 5:11-12). Hierdie afvalligheid het ontstaan weens Israel se veronderstelling dat God te veel van hulle vra. Hulle het gevoel dat God hulle moeg maak met al die offers wat hulle moes bring (vgl. Miga 6:2). God begin sy verweer deur hulle te wys op die groot dade van die verlede, op die wonderbaarlike manier waarop Hy vir hulle voorouers uitkoms gebring het.

Dit gee daartoe aanleiding dat Miga die volk se ontnugtering verwoord in vers 6. Per slot van rekening, waarmee kan enige persoon voor God gaan staan om te betaal vir sy sondes? Daar is niks in onself wat ons kan bring nie! Juis dit is die betekenis van die hiperbole in verse 6 en 7. Selfs die grootste offers kan nie betaal nie. Dit is God alleen wat vry kan spreek, wat ten volle kan betaal vir die sondeskuld van sy volk.

Hoe hoor ons nie hierin reeds die woorde wat die apostel Paulus in Romeine 8:33-34 nie? *“Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”*

Geen mens sou sy eersgeborene, die vrug van sy liggaam, kon gee om vir sy sonde te betaal nie. Juis daarom dat God dit gedoen het (Joh. 3:16). Nou kan ons uit dankbaarheid lewe volgens dit wat vir God goed is: laat reg geskied, bewys liefde en trou en wandel ootmoedig met jou God (vs 8, '53-vertaling).

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)